NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2021

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2 uur 100 punte

Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulpeksaminators van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 1 BEGROTINGS (36 minute)

1.1 Verduidelik die hoofrede vir die opstel van 'n Geprojekteerde Inkomstestaat.
- Om vir die inkomste en uitgawes te beplan om te sien of die onderneming winsgewend sal wees.

1.2 Bespreek watter maatreël Edwin moes getref het toe sy Geprojekteerde Inkomstestaat 'n verlies getoon het.
- Hy moes 'n dinkskrum gehou het oor hoe om sy verkope te verhoog en sy uitgawes te verminder sodat hy nie 'n verlies sal hê nie.

1.3 Voltooi die ontbrekende bedrae in die Kontantbegroting vir Bon Appetit (Edms) Bpk vir Junie 2021. (Toon die berekeninge langs die rekeningname.) Gebruik Mei se begrote bedrae in jou berekeninge, nie die werklike bedrae nie.

Kontantbegroting vir Junie 2021

Ontvangste	**Moenie bereken nie**
Kontantverkope 398 400 × $\frac{3}{4}$ × $\frac{90}{100}$	268 920
Kontant van debiteure 398 400 ÷ 4 × 60% = 59 760 398 400 × 90% ÷ 4 × 40% = 35 856 ☑	95 616
Vaste deposito 1 900 × 12 × $\frac{100}{6}$	380 000
Rente op vaste deposito 1 900 × 24	45 600
Betalings	**Moenie bereken nie**
Betalings aan krediteure (264 000 + 53 760) × 95%	301 872
Salarisse	**50 000**
Kelners se lone 21 917 × $\frac{30}{31}$	21 210
Bemarking	**32 000**
Huuruitgawe 63 500 × $\frac{107}{100}$	67 945
Administrasie 7 900 + 1 450	9 350
Leningbetaling	**14 000**
Skenkings	5 000
Rente op oortrekking	3 110
Kontantsurplus (tekort)	285 649
Banksaldo op 1 Junie 2021	(81 305)
Banksaldo op 30 Junie 2021	204 344

IEB Copyright © 2021

1.4 Edwin wil wegkom uit die restaurantonderneming en is tevrede dat die Kontantbegroting vir Junie 'n surplus toon, aangesien hy seker is dat Bon Appetit (Edms) Bpk makliker sal verkoop indien dit 'n goeie kontantvloei het.

1.4.1 Verduidelik twee van die hoofredes waarom Bon Appetit (Edms) Bpk 'n surplus het en tog teen 'n verlies bedryf word.

- Die vaste deposito sal in Junie verval. Dit is nie 'n inkomste nie en beïnvloed nie die wins nie.
- Waardevermindering is 'n uitgawe maar is nie kontant nie, dus is dit nie in die Kontantbegroting nie.
- (Kan nie kosverkwisting skryf nie, aangesien daar vir die kos betaal moet word.)

1.4.2 Jy oorweeg dit om Bon Appetit (Edms) Bpk as 'n belegging te koop. Skryf twee terreine neer wat jy sal moet verander sodat Bon Appetit (Edms) Bpk teen 'n wins bedryf kan word. Verduidelik twee oplossings wat jy op elke terrein kan implementeer wat sal help om die doel te bereik om Bon Appetit (Edms) Bpk teen 'n wins te bedryf.

Terrein 1: Kosverkwisting

- Maak seker die koue ketting vir die kos word nie gebreek nie.
- Maak seker die oudste kos word eerste gaargemaak.
- Doen navorsing oor hoeveel van elke item verkoop, sodat onnodige hoeveelhede van items nie gekoop word nie.
- Maak seker die vaste voorraadpeil geld hoofsaaklik vir drank en slegs die minimum vars kos.
- Moenie die personeel toelaat om kos huis toe te neem nie, aangesien hulle doelbewus ekstra kos kan bestel of die vars kos kan gaarmaak of ekstra kan gaarmaak.

Terrein 2: Verhoog verkope

- Verhoog bemarking om verkope te verhoog.
- Maak oop vir middagetes en adverteer spesiale aanbiedinge vir middagetes.
- Adverteer as 'n plek vir partytjies.
- Installeer 'n TV en verander 'n deel van die restaurant in 'n kroeg om sport te kyk.

1.4.3 Indien jy 'n aanbod sou maak om Bon Appetit (Edms) Bpk te koop, skryf die prys neer wat jy bereid sal wees om Edwin vir die onderneming aan te bied. Bespreek twee faktore wat jy in ag geneem het om by jou koopprys uit te kom.

R? – punte sal saam met die redes gaan

R2 510 000 is die boekwaarde van Bon Appetit.

- Kan meer as die boekwaarde aanbied aangesien Bon Appetit gereelde klante (klandisiewaarde) opgebou het.
- Aangesien Bon Appetit egter teen 'n verlies bedryf word, sal die boekwaarde elke maand afneem, dus gaan Edwin waarde verloor en binnekort weer 'n kontanttekort hê. Kan dus die boekwaarde aanbied sonder enige hoër bedrag vir klandisiewaarde – of net onder die boekwaarde.
- Aangesien Edwin uit die restaurantonderneming wil wegkom, sal hy waarskynlik 'n laer prys aanvaar.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 2 MAATSKAPPY-ONTLEDING (54 minute)

2.1 Bestudeer die Staat van Omvattende Inkomste en Aantekening 1: Inkomste, en beantwoord dan die volgende vrae:

2.1.1 (a) Bereken die persentasie toename in die registrasie- en onderriggelde vir 2019.
- 31,84%

(b) Bespreek 'n waarskynlike rede vir hierdie toename.
- Meer studente omdat hulle meer instellings het.

2.1.2 Die bedryfsuitgawes het in totaal met 25,35% toegeneem, met reklame en bemarking wat die meeste toegeneem het met 35,36% en dan die personeelkoste met 32,88%.

(a) Bespreek of STADIO se bestuur bekommerd moet wees oor die toename in bedryfsuitgawes met 25,35%. Gee twee redes vir jou mening.

Nee
- Dit is laer as die toename in die gelde.
- Dit het waarskynlik toegeneem omdat STADIO meer instellings verkry het.

Ja
- Van die uitgawes het baie meer toegeneem as die inkomste.

Maksimum 1 uit 2 vir "Ja"; die korrekte antwoord is "Nee".

(b) Nie net het die personeelkoste met 32,88% toegeneem nie, dit is 63% van die totale bedryfsuitgawes en verreweg die grootste uitgawe. Bespreek of dit redelik is in die lig van die aard van STADIO se besigheid dat hul personeelkoste hul grootste uitgawe is. Verduidelik die rede vir jou antwoord. Bespreek een ding wat STADIO kan doen om die persentasie van personeelkoste **as 'n bedryfskoste** te verminder.

Is dit redelik?
- 'n Opvoedkundige instelling bestaan vanweë die dosente, dus is die aard van die onderneming mensgebaseerd – dit is redelik.

Hoe om die personeelkoste te verminder:
- Hulle kan aanlyn onderrig ontwikkel – dit sal onderrig vir meer studente beskikbaar maak, maar minder personeel benodig om dit te bedryf.
- Maak lesinglokale voller.

2.2 2.2.1 Die eksterne ouditeur wil die personeelkoste ouditeer. Verduidelik waarom die ouditeur dit sal wil doen.
- Personeelkoste is 'n wesenlike bedrag in die Staat van Omvattende Inkomste.

IEB Copyright © 2021

2.2.2 Noem twee bewysstukke wat die ouditeur kan gebruik om die personeelkoste te ouditeer.

- Bankstaat om die bedrae wat aan salarisse betaal is, te sien
- Kopieë van die salarisstrokies
- Salarisjoernaal
- Verifiëring van ID's teen betaalstaat
- Ewekansige persoonlike besoeke aan personeel om ID's te kontroleer
- Bewys van LBS-betaling aan SAID
- Bewys van die WVF-betaling

2.2.3 Verduidelik hoe die interne ouditeur die eksterne ouditeur se werk makliker kan maak.

- Die interne ouditeur is verantwoordelik vir beheerstelsels en indien hulle daar is, is daar 'n kleiner kans op wanaanwendings, foute, ens.
- Indien die stelsels en prosesse goed werk, is daar minder wat die eksterne ouditeur moet nagaan.

2.3 Sommige beleggers kyk vanweë die niekontantaard van waardevermindering nie na waardevermindering wanneer hulle ontleed of 'n onderneming 'n goeie belegging sal wees nie.

Bespreek wat waardevermindering verteenwoordig en waarom dit **belangrik is** om dit in ag te neem wanneer 'n onderneming ontleed word.

- Waardevermindering verteenwoordig die nuttige lewensduur van 'n bate wat gedurende die finansiële jaar opgebruik is.
- Waardevermindering is 'n gedeelte van 'n groot kontantuitgawe wat benodig sal word wanneer die bate vervang word.

2.4 Na die Fees Must Fall-betogings was daar druk op universiteite om nie die studentegelde te verhoog nie en om gratis onderrig te verskaf aan studente wat in die arm en middel ekonomiese klas val.

2.4.1 'n Paar aandeelhouers het kommer uitgespreek oor STADIO se winsgewendheid en hul opbrengs indien STADIO gedwing word om gratis onderrig aan kwalifiserende studente te verskaf.

Steun op die konsepte van die drieledige vereiste (*triple bottom line*) en verskaf 'n geldige teenargument oor waarom STADIO gratis onderrig aan sommige studente behoort te verskaf.

- Dit is die beste vir die gemeenskap en vir Suid-Afrika indien meer mense 'n opvoeding het en tot die ekonomie kan bydra.

2.4.2 Bespreek een moontlike **niefinansiële** gevolg van die verskaffing van gratis onderrig aan sommige studente.

- Die keuringsproses kan uitgedaag word deur ontevrede studente wat nie gekeur is nie.
- Hulle sal nie so baie studente toereikend kan onderrig nie, wat die algehele indiensneembaarheid van die gemeenskap beïnvloed.

IEB Copyright © 2021

2.4.3 Stel voor hoe STADIO fondse kan insamel indien hulle gratis onderrig aan meer studente sal moet verskaf.
- Kry maatskappye om beurse aan individuele studente te gee.
- Kan nie kapitaal en lening aanvaar nie.

2.5 Bestudeer punt B van die uittreksels uit die direkteursverslag.

2.5.1 Skryf die naam van die rekeningkundige beginsel neer wat hierdie sin beskryf.
- Lopende saak

2.5.2 Noem die verhouding wat gebruik word om hierdie beginsel te toets.
- Solvensieverhouding

2.5.3 Bereken die verhouding waarna in Vraag 2.5.2 verwys word vir 2019 en lewer kommentaar daarop of jy saamstem met die direkteure se verklaring dat hulle in die afsienbare toekoms kan voortgaan.
- 2 066 659 : (291 863 + 191 498)
  2 066 659 : 483 361
  4,28 : 1
- Ja, hulle loop geen risiko om insolvent te raak nie/hulle kan voortgaan.

2.6 2.6.1 Toon hoe die vuurproefverhouding bereken word om 1,15 : 1 te wees op jaareinde 2019.

222 115 – 2 132 : 191 498

2.6.2 Verduidelik waarom daar slegs 'n 0,01%-verskil is tussen die vuurproefverhouding en die bedryfsverhouding. Bespreek waarom dit so is en of dit 'n probleem sal wees.
- STADIO is nie 'n handelsonderneming nie, dus het hulle nie groot hoeveelhede voorraad nie.
- Dit is nie 'n probleem nie.

2.6.3 Die bedryfsverhouding het sedert 2018 met 1,5 gedaal. Verskaf 'n rede vir die afname in die verhouding en verduidelik of STADIO likiditeitsprobleme sal ondervind.
- Die kontant en kontantekwivalente het gedaal, wat tot 'n daling in die bedryfsbates gelei het, terwyl die bedryfslaste toegeneem het.
- Die bedryfsbates is steeds hoër as die bedryfslaste, dus behoort STADIO hul bedryfslaste te kan afbetaal.

2.7 2.7.1 Bereken STADIO se skuld-tot-ekwiteit-verhouding indien hulle Standard Bank se hele wentelkredietfasiliteit sou onttrek. (Sien punt C in die uittreksels uit die direkteursverslag.)
- 291 863 + (200 000 – 65 000) : 1 583 298
  426 863 : 1 583 298
  0,27 : 1

IEB Copyright © 2021

2.7.2 Sal dit goeie sakepraktyk van STADIO wees om van die volle lening van R200 miljoen gebruik te maak? Gee duidelik die rede vir jou antwoord.
- STADIO het negatiewe hefboomfinansiering (4,46% OOKA vergeleke met 9% rente op lening), dus moet hulle nie van die volle lening van R2 miljoen gebruik maak nie.

2.7.3 Verduidelik onder watter omstandighede STADIO van die volle lening gebruik kan maak.
- STADIO kan van die lening gebruik maak wanneer hul uitbreiding tot 'n toename in wins en opbrengs gelei het.

2.8 Verwys na die grafiek in die Inligtingsboekie.

2.8.1 Bespreek waarom die aandeleprys moontlik 'n hoogtepunt bereik het toe STADIO aanvanklik op die JSE genoteer is.
- Mense was optimisties oor STADIO se prestasie.

2.8.2 Teen Maart 2020 het STADIO Holdings se aandeleprys 72% op die JSE geval en het dit teen 163 sent per aandeel verhandel. Verduidelik waarom huidige aandeelhouers dalk hul aandele sal wil verkoop.
- Hulle kan van mening wees dat die aandeleprys sal bly daal.
- Die aandeelhouers kan bekommerd wees oor die Fees Must Fall-betogings.

2.8.3 'n Besluit is geneem dat die maatskappy sy aandele sal terugkoop (sien punt A van die uittreksels uit die direkteursverslag).

(a) Bereken die NBW.
- 1 583 298 / 818 095 = 193,53 sent (of 194 sent)

(b) Skryf twee voordele neer van die terugkoop van aandele.
- Verhoog die VPA, DPA, OOKA, OOAE
- Die onderneming sal nie so baie dividende hoef te betaal nie, selfs al bly die DPA dieselfde.
- Kan die markwaarde van die aandeleprys verhoog.

(c) Die terugkoop van aandele word beskou as 'n maatskappy wat in homself belê. Verwys na die finansiële aanwysers en verduidelik of dit 'n goeie beleggingsbesluit vir STADIO sal wees om hul eie aandele terug te koop.
- Die NBW is 198 sent en die markwaarde is onder 163 sent. Deur hul aandele terug te koop beperk hulle die getal in sirkulasie en verhoog sodoende die vraag en beperk aanbod. Dit kan die aandeleprys in die mark opstoot en aandeelhouers lok. Die markwaarde dui aan dat die aandele onderwaardeer kan wees op die JSE of oorwaardeer deur die maatskappy.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 3 VERSOENINGS (30 minute)

Bestudeer die inligting wat in die Inligtingsboekie gegee word en beantwoord dan die volgende vrae:

3.1 Op 28 Februarie 2021 het Ndeme opgemerk dat die saldo in die debiteurekontrolerekening verskil van die totaal van die Debiteurelys.

3.1.1 Verduidelik waarom die saldo van die debiteurekontrolerekening en die totaal van die Debiteurelys moet balanseer.

- Die debiteurekontrolerekening is 'n opsomming van al die debiteuretransaksies.
- Al die individuele transaksies word na die Debiteuregrootboek gepos en in die lys bymekaargetel. Elke transaksie is dus op beide plekke.

3.1.2 Toon die joernaalinskrywing om die eerste fout te korrigeer. (Die beskrywing kan weggelaat word.)

Besonderhede	F	Debiet	Krediet	Debiteurekontrole	
				Debiet	Krediet
Pete Parker		4 270		4 270	
Pete Powel			4 270		4 270

1 punt om te weet watter rekening gedebiteer en gekrediteer moet word
1 punt om die kolomme korrek in te vul

3.1.3 Doen die korreksies van aansuiweringsnommers 2 tot 6 deur hulle in die toepaslike kolomme in te skryf.

	Debiteurekontrole	Debiteurelys
Foutiewe saldo op 28 Februarie	42 640	48 490
2)	(3 000)	
3)	(360)	(360)
4)	270	270
5)		(550)
6)	8 300	
	Moenie bereken nie	**Moenie bereken nie**

IEB Copyright © 2021

3.2 3.2.1 Voltooi die Debiteure-ouderdomsontleding soos dit onderaan die staat getoon moet word deur al die syfers te gebruik wat op die staat getoon word.

90 dae	60 dae	30 dae	Huidig
15 700 + 16 680 – 9 291 – 489 = 22 600	12 560 – 1 230	9 780 + 118	15 620 + 452

3.2.2 Daar is 'n fout op die staat. Identifiseer die fout en verduidelik hierdie fout.

- Korting moes nie toegestaan gewees het nie aangesien daar steeds skuld uitstaande was van 2 maande tevore.

3.2.3 The Tool Shed het tot die besef gekom dat rente nie 'n effektiewe manier is om hul debiteure so ver te kry om te betaal nie.

- Bespreek 'n rede waarom jy hiermee saamstem of nie saamstem nie.
- Verduidelik 'n **nuwe**, alternatiewe metode wat The Tool Shed kan gebruik om te verseker dat Plaster Master binne 60 dae na die staatdatum betaal.

Rede:

- Hulle het steeds uitstaande skuld op 90 dae. Die bedrag rente is nie genoeg van 'n afskrikmiddel nie.
- Plaster Master skuld meer aan die einde van elke maand as in die maand tevore.

Alternatiewe metode:

- Enige metode wat nie korting of rente is nie, byvoorbeeld gee gratis produkte indien hulle binne die aangewese tyd betaal of vries hul rekening na 60 dae.

3.3 Plaster Master het gekla dat hulle nog R10 000 per tjek op hul skuld afbetaal het, dus moes rente nie gehef gewees het nie. Hierdie tjek het nie op hul staat verskyn nie. Ndeme het die tjek opgespoor. Dit is gedateer 15 Maart 2021.

3.3.1 Verduidelik aan Plaster Master wanneer hierdie tjek op hul staat sal verskyn en waar hierdie tjek op die oomblik behoort te wees.

- Hierdie tjek sal op 15 Maart 2021 op hul staat verskyn.
- Dit moet op die oomblik in 'n kluis wees.

3.3.2 Skryf neer in watter kolom op die bankstaat (debiet/krediet) die R10 000 sal verskyn sodra dit gedeponeer is.

- Die kredietkolom

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2021